NAAM VAN SKOOL:

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL
VRAESTEL 2
VOORBEREIDENDE EKSAMEN
SEPTEMBER 2018

PUNTE: 80

TYD: 2½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Gedigte	(30)
AFDELING B:	Roman	(25)
AFDELING C:	Drama	(25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

AFDELING A: GEDIGTE

Gesien gedigte - Beantwoord TWEE vrae.

Ongesiene gedig - Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

- Beantwoord SLEGS die vrae oor die drama wat jy bestudeer het.
- Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

- Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 – 300 woorde.
- Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 – 450 woorde elk.
- Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

10. AFDELING A: ongeveer 40 minute
AFDELING B: ongeveer 55 minute
AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**			
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1. "Twee kleuters in die Vondelpark"	Opstelvraag	10	6
2. "Reaksie"	Kontekstuele vraag	10	7
3. "Die sagte sprong"	Kontekstuele vraag	10	8
4. "eerste worp"	Kontekstuele vraag	10	9
EN **Ongesiene gedig: Verpligtend**			
5. Naskrif	Kontekstuele vraag	10	10
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN Vraag.***			
6. Onderwêreld	Opstelvraag	25	12
7. Onderwêreld	Kontekstuele vraag	25	12
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN Vraag.***			
8. Krismis van Map Jacobs	Opstelvraag	25	15
9. Krismis van Map Jacobs	Kontekstuele vraag	25	15
10. Mis	Opstelvraag	25	19
11. Mis	Kontekstuele vraag	25	19

***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAGNOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK (✓)
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1-4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5	1	
B: Roman (Opstel of kontekstueel)	6 tot 7	1	
C: Drama (opstel of kontekstueel)	8 tot 11	1	

LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers

Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
'n klein oneindigheid lank hand-in-hand.

Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
gesplete hart van hals en dubbelhals,
geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
geslote snawel dynserig vervals
met eenkant lug en water anderkant.

Versadig van die roerlose gesig
pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand
vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

Verby die bome druis die straatrumoer.

Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
bromfiets tot motor, sal hy konstateer
– die wiel sy ordeteken – dat hy lid
is van die kollektiewe Lilliput.

Maar sý sien webbe onderwater roer.

Miskien is dit die laaste dag van staar
en grondelose verwondering. Wat sou
hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
'n doktrinêre Hollandse meneer?
En sý 'n druk slagvaardige mevrou
met 'n allure van dit-is-soos-dit-is?

Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

[Bron: *Balans*, Human & Rousseau, 1969]

In hierdie gedig word progressie ten opsigte van die twee kleuters deurgaans in die vooruitsig gestel.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Reaksie – Vernon February

Ou Gwarrie en tjy sê daai ding
dat tjy nou gloe met hart en siel,
is tjy oek nou een van hul kring
en vyand vannie hotnotsriel?
oe tjy sil nou met newwies
en tjou beste sjute die dag deurbring,
dit kan ek nog verdra,
ma aai, wa'om
daai Sunday-go-to-meeting-face, ou Ghwarrie?
wiet, tjy praat mos nes daai seurtjie
oppie draad,
dis justice, love en tjêritie,
tjy sê my ek sil eendag brand
ma waa's daai love en tjêritie?
Die teorie wêk olraait,
en wat kry tjy ou maat,
net hate en insults hier.
Dan soebat tjy nog ek moet gloe
Nei mattie, gee daai kan,
Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting-face
en ek my bottel jien.

[Bron: *O snotverdriet,* Uitgeverij in de knipscheer, Haarlem, 1979]

2.1 Watter soort spreker is in hierdie gedig aan die woord? Waarom is dié soort spreker in hierdie gedig geloofwaardig? (2)

2.2 Haal TWEE agtereenvolgende woorde uit versreëls 1 tot 4 aan wat op die buitestanderskap van die spreker dui en verduidelik in jou eie woorde waarom hy 'n buitestander is. (2)

2.3 Verduidelik in jou eie woorde waarvan ou Ghwarrie in versreël 9 beskuldig word. (1)

2.4 Na wie word met “daai seurtjie” in versreël 10 verwys? (1)

2.5 Verduidelik die ironie wat in versreël 15 geïmpliseer word binne die konteks van reëls 12 tot 14 in jou eie woorde. Toon aan hoe die ironie later in die gedig werklikheid word. (2)

2.6 Dink jy dat hierdie gedig ook ’n universele betekenis kan hê? Motiveer jou antwoord. (1)

2.7 Watter boodskap dra die spreker met hierdie gedig aan die leser oor? (1)

[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Die sagte sprong – Sheila Cussons

Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: ’n aanraking van die verstand
lig soos ’n veer, vlugtig maar presies
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
dat die aandag nog lank daarna
die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?
: Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: iets wat die bewussyn tot
in die lewe tref, iets soos ’n sagte sprong –
vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
hoe moet u vasvat wees?

[Bron: *Die sagte sprong*, NB Uitgewers, 1979]

3.1 Haal vier agtereenvolgende woorde uit die gedig aan wat direk by die titel aansluit en benoem die aangehaalde beeldspraak. (2)

3.2 Haal die woord uit die gedig aan wat daarop dui dat die aanraking kragtig is. (1)

3.3 Na die dubbelpunt in versreëls 2 en 8 volg ’n verklaring. Verduidelik in jou eie woorde watter progressie in hierdie verklarings aangetref word. (1)

3.4 Kan die woord “iets” in versreëls 8 en 9 as funksioneel beskou word binne die konteks van die gedig? Motiveer jou antwoord. Watter stylmiddel gebruik die digter om die woordkeuse te ondersteun? (2)

3.5 Watter emosie in die gedig word die intensste beleef? Motiveer jou antwoord. (2)

3.6 Watter spesifieke stemming word deurlopend in hierdie gedig aangetref? (1)

3.7 Watter boodskap dra hierdie gedig aan die leser oor? (1)

[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

eerste worp – TT Cloete

ons het nie ou katedrale en kastele nie,
geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
die min wolke wat ons het, is yl versprei.
ons het nie groot metropole nie.
ons is sonder groot donkergroen woude.
dun is ons geskiedenis met min groot name

soos beethoven of dante
of rembrandt of bramante

ons het min onwerklike sagte drome

maar ons het uitgestrekte woestyne
en krom grys bome wat houtbeen vasskop
in die droë sand en koets teen die son

Ons het baie droë lope
en oerrivierbeddings met ou inheemse name
soos gourits en storievertelname soos skrij
of kameelsleep en lijersdraai

en baie reste naby aan die eerste worp

by wêreldseinde in die suisende stil nag
hoor jy die jakkalse se fossielskreeu
iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

[Bron: *Uit die hoek van my oog*, Tafelberg, 1998

4.1 Na wie verwys “ons” in versreël 1? (1)

4.2 Waarop dui die titel binne die konteks van die gedig? Haal ’n woord later uit die gedig aan wat by die betekenis van die titel aansluit. (2)

4.3 Benoem die rym in die tweede strofe (versreëls 7 – 8) en gee die funksie daarvan in hierdie spesifieke strofe. (2)

4.4 Waarop dui die “onwerklike sagte drome” waarvan ons min het (versreël 9) ten opsigte van versreëls 1 – 8? Hoe word hierdie kontras uitgehef? (3)

4.5 Sou jy die halfrym in “suisende stil” as effektief beskou? Motiveer jou antwoord. (1)

4.6 Wat kan as die tema van die gedig beskou word? (1)

[10]

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Naskrif – DJ opperman

Wanneer jy hierdie laaste brief
agter die duin gelees het , lief,

skeur en skeur dit in niks minders
as ’n duisend spikkelvlinders

wat wegdwarrel op die wind
in die see hul einde vind,

want oor die vlaktes tussen ons
is al ons drome disseldons.

[Bron: Blom en Baaierd, 1956]

5.1 Wie is die aangesprokene in die gedig? (1)

5.2 Haal twee agtereenvolgende woorde uit die gedig aan wat direk by die titel aansluit. (1)

5.3 Die gedig bestaan uit ’n enkele sin. Verskaf TWEE ander stylmiddele wat as bindmiddel in die gedig dien. (2)

5.4 Benoem die beeldspraak in die woord “spikkelvlinders” in versreël 4 en motiveer waarom dit as ’n geslaagde beeld beskou kan word. Watter stylfiguur in dieselfde strofe versterk die beeldspraak? (3)

5.5 Waarvan word “vlaktes” in versreël 7 simbool? Dink jy dit is funksioneel dat die woord in die meervoud is? Motiveer jou antwoord. (2)

5.6 Wat is die tema van hierdie gedig? (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

VRAAG 6: ONDERWÊRELD - OPSTELVRAAG

Greg, as vol- of ronde karakter, ondergaan in sy matriekjaar karakterontwikkeling in die roman met behulp van Eckardt en ander karakters.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. **[25]**

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

En die inskrywing heel bo, met die datum van die aand voor sy verdwyning:
Hulle weet ek was in hulle systems. Hulle weet wat ek gedoen het. Hulle weet wie ek is.
Die woorde word soos vingers wat om my hart vou. Dit saampers.
En die gedagtes tuimel oor mekaar:
Kan dit dalk waar wees dat Eckardt selfmoord gepleeg het? Was dit omdat iemand uitgevind het wat hy doen? Of het hy weggehardloop, juis omdat hulle van hom weet? Omdat hulle op sy spoor is?
Of die derde moontlikheid: het die ouens in wie se systems hy was, vir Eckardt ontvoer.
En wie is 'hulle'?
Ek vluglees die blogs voor die laaste inskrywing. Daar is goed oor backdoors, M&M security, SQL-injections ...
My oë blits oor die bladsy.
Wie is dit?
Toe kry ek 'n webadres. Die blog is gedateer 6 Mei.
En die adres lyk na die een of ander hospitaal of mediese maatskappy s'n.
Ek maak 'n nuwe tab oop in Firefox, tik die adres in:
www.plusultramed.co.za
Die bladsy verskyn. Nie die hospitaal s'n nie, maar die home page van 'n farmaseutiese maatskappy. 'n Plek wat medisyne en goed vervaardig.

24 25 26 27 28 29	Ek werk deur die links op die bladsy: Mission statement, Products, Orders, About, Contact us. En toe kom ek op ’n blad af met ’n organogram van die maatskappy se hoëkoppe. My asem slaan byna weg toe ek die foto sien. Die main peanut in die pakkie, kompleet met sy blink voorkop en fake smile: Dok Pienaar.

7.1 Verduidelik waarom Greg besig is om Eckardt se blog te lees. (1)

7.2 Waarom is die datum van die blog insiggewend? (1)

7.3 Herlees reëls 3 – 4.

7.3.1 Waarom is hierdie reëls anders gedruk as die res van die uittreksel? Wat dink jy wou Eckardt met hierdie inskrywing bereik? (3)

7.3.2 Noem twee tegnieke wat die skrywer gebruik om die woorde te beklemtoon (2)

7.4 Watter beeldspraak kom in die onderstreepte sin in reël 5 voor en is hierdie beeldspraak effektief? Motiveer jou antwoord. (2)

7.5 Herlees reëls 6 – 12.

Watter moontlikheid hou Dok Pienaar vir Eckardt se verdwyning voor? Hoe tree Greg teenoor die graad 8-leerder op wat beweer dat Eckardt selfmoord gepleeg het? Waaruit blyk dit later in die roman dat nie een van hierdie bespiegelinge korrek is nie? (3)

7.6 Wat is die funksie van die ellips in reël 14? (1)

7.7 Verduidelik wat die organogram is waarna in reël 26 verwys word. (1)

7.8 Stem jy saam met Greg dat Dok Pienaar volgens reël 29 vals is? (1)

EN

TEKS B

1 2 3 4	Jy sien, Greg, om ’n virus te maak en vir jouself te hou is soos om ’n winkel in ’n donker straat oop te maak. Niemand sal daarvan weet as daar nie ’n lig in die straat opgesit word nie. Nie totdat jy die boodskap uitkry by die mense nie ... totdat jy die media begin gebruik nie.”

5	Vir ’n oomblik lank hou ek op met asemhaal.
6	Dit is hoe vrees voel: Vuur blits deur jou lyf, elke senuwee ruk wakker,
7	adrenalien gooi jou gedagtes in snelrat, jou oë sper oop, jou asemhaling
8	hou op en jou borskas pers saam. En jy hoor dit – jou eie hart. Klop.
9	Klop. Klop.
10	“Sien jy nou hoekom dit juis jy moes wees, Greg?”
11	“My pa?”
12	“Dit is reg. Die Candlestick-maker is jou pa ... Toe jy vir Dok ontmasker
13	het as die Butcher, het jy sonder dat jy weet, ook jou pa vir die honde
14	gegooi. Met al daardie dokumente wat jy vir die polisie gegee het, is dit
15	net hop, skip en jump verder en hulle kom arresteer jou pa ook vir sy
16	aandeel in Project Nursery Rhyme.”

7.9 Met wie is Greg in Teks B in gesprek? (1)

7.10 Dui die verband tussen Teks A en Teks B aan. (2)

7.11 Verduidelik Greg se pa se aandeel in Project Nursery Rhyme in jou eie woorde. Waarom het sy pa by hierdie bose plan betrokke geraak? Wie is die Baker? (3)

7.12 Op watter wyse het Greg die media gebruik? Was sy poging geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

7.13 Reëls 6 – 9 word van die res geskei deur tipografiese wit. Verduidelik waarom die tipografiese alleenplasing van hierdie reëls funksioneel is binne die konteks van die roman. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

VRAAG 8: KRISMIS VAN MAP JACOBS – OPSTELVRAAG

Cyril is ’n karakter wat herhaaldelik in uiterlike konflik betrokke raak.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 – 450 woorde deur te verwys na konflik tussen Cyril en Richie, Cyril en Tommie en Cyril en Cavernelis. **[25]**

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS C

1	CYRIL:	Moenie so panic nie, ou dad. Ons verstaan. Dink jy
2		ons verstaan nie? Jy en die missies (*wys boontoe),*
3		julle wil vir julle uitkoep hierso yt die township yt.
4		Julle spaar vir ’n plotjie grond en ’n hys, somewhere
5		else. In ’n decent coloured area. (*Beklemtoon*
6		*“decent”.)* Julle wil hierso yt onse township yt escape.
7		(*Wys na die geboue.)* Right? Djulle fit mos nie in nie,
8		dis nie julle soorte lewe nie! Nie onse types nie!
9		(*Wys na Richie, na Tommy, na homself.)* ... Fair
10		enough! (*Lag*.)
11	TOMMY:	Los nou vir uncle Cavernelis af, man!
12		*Dan verskyn missies Cavernelis bo.*
13	MAUD:	Cavernelis, please, laat staan die rubbish and go your
14		own way. Wat staan jy nog daar? Kry jou koers en
15		kom in!
16	CYRIL:	Daar’s ‘ie orders! Good luck, ou dad! Hoe sil jy sê,
17		ou Tommy? To health, wealth, and happiness ... and
18		living like real persons! Hê! Living like real persons!
19		Best of luck, mister Cavernelis, best of luck ...
20		*Stilte, dan* –
21	CYRIL (*venynig)*:	En mister Cavernelis, mister Cavernelis wiet natuurlik

22		lat Map Jacobs ytkom nou, die sewende vannie
23		maand, op parole, ja ... Map Jacobs ... (*Begin lag.)*
24		Net nou lat Blanchie sukke luck beginne strike!
25		*Cavernelis verstyf, staar. Cyril lag. Richie dan ook.*
26	CAVERNELIS:	(*ongelowig)* Map ... Jacobs?
27	*CYRIL:*	Het mister Cavernelis dan nie gewiet nie? Ek mien van Map Jacobs, lat hy ytkom nie? (*Hy lag en lag.)*
28	Maud (*roep*):	Cavernelis!

9.1 Na watter gebied verwys Cyril in reël 3? (1)

9.2 Watter tema van die drama word in reël 6 deur Cyril aangespreek? Hoe kan hierdie tema later in die drama ironies op Cavernelis van toepassing gemaak word? (3)

9.3 Maud verwys in reël 13 na die kerrimspelers Cyril en Richie as “rubbish”. Is hierdie uitspraak teenoor hulle regverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

9.4 Reël 16: **Daar’s ’ie orders!**

Wat suggereer Cyril met die bostaande woorde in verband met die karakter van Maud? Watter opmerking teenoor Cavernelis later in die drama het hom die seerste getref? Motiveer jou antwoord. (3)

9.5 Herlees reël 19.

Wat impliseer Cyril eintlik met sy woorde “Best of luck” en hoe sluit La Guma se opmerking oor die simboliese tronk net voor Cavernelis se selfdood hierby aan? Hoe word hierdie implikasie aan die einde van die drama waar ten opsigte van Blanchie? (3)

9.6 Waarom kan die stilte wat deur die neweteks in reël 20 aangedui word as funksioneel beskou word? (1)

9.7 In reël 21 is Cyril se stemtoon venynig. Noem enige TWEE redes vir Cyril se renons in Cavernelis. (2)

9.8 Bestudeer Cavernelis se reaksie in reël 25.

Op grond waarvan sou die leser of teaterganger moontlik hier simpatie met Cavernelis kon betoon? (2)

EN

TEKS D

TOMMY:	Ek hoor sy't hierso 'n wit ou, innie Constantia, of so 'n plek, een van die posh wit areas, wat 'n crush het op haar. Hy supply haar net mooi moet alles wat sy wil hê, klere en alles, geld oek ... Sy's stylish deesdae, jong ... (*Asof hy nie bewus is van Map se ontsteltenis nie, staan Tommy op en loop "stylish" soos Blanchie.)* Stylish ...
	Map ontsteld.
TOMMY:	Ek hoor sy gaan glo een van die dae overseas, vir modelling ... Paris toe ... (*Hy fluit. Map is duidelik hewig ontstel.)* 'Is true. Daar was 'n stukkie oor haar en 'n photo van Blanchie, in die koerant, nou nie te lank gelede nie ... Top township girl for Paris! ... So iets ... Ja, onse area kom óp! (*Lag*.)
	Map staar.
TOMMY:	Hê, wat is 'it, Map?
MAP (*sink)*:	Nei, niks ... So jy sê Blanchie is ... annerste ...
TOMMY:	Nogal, maar jy wiet, 'is nou nie Tommy Sobotker se biesagheit nie, 'cause Tommy hou sy nies net by sy eie sake, soes jy wiet, maar hulle sê 'is eintlik nie sy sélwers wat so wil maak nie, maar 'is haar ou dêrre, mister Cavernelis, <u>hy druk vir haar so in alles in, vir geld. Hy's mál oor geld, sê hulle, skoon rasend mal oor geld, maar jy't mos vir hom geken, ou Scrooge Cavernelis?</u> En hulle sê sy missies, ou Antie Maud, is oek nie anners nie ...
	Map stil. Tommy praat voort.
TOMMY:	In fact, miskien is die hele ding net stories, concerning die wit ou innie Constantia. 'Cause jy wiet mos hoe mense maar kan praat, somaar só, sonder goeie evidence ... En die storie in die koerant, ek mien lat sy overseas gaan, well, ek't gehoor dit wás daarin, maar selwers het ek 'it nie gesiet nie ... Dis dié dat ek allie tyd sê, Tommy Sobotker, glo jy tog net wat jou oë se siet, en trust net jou bangles, en jou ringetjies ...

9.9 Bestudeer Map Jacobs se reaksies volgens die neweteks in reëls 16 en 28.

Watter karakterontwikkeling van Map Jacobs kan uit hierdie reaksies afgelei word? (1)

9.10 Waarom fluit Tommy in reël 11? (1)

9.11 Haal 'n bewys later in die teks aan wat bewys dat Tommy sy inligting in reëls 12 en 13 op hoorsê baseer. (1)

9.12 Lees weer reël 11 van Teks C en die onderstreepte reëls 23 tot 26 van Teks D

Watter karaktereienskap van Tommy kan uit hierdie gedeeltes afgelei word? Motiveer jou antwoord in jou eie woorde deur na die teksgedeeltes te verwys. (3)

9.13 Waarom verwys Tommy in reëls 36 en 37 juis na "bangles" en "ringetjies"? (1)

9.14 Aan die einde van die drama is daar tragedie, maar tog ook blydskap. Motiveer hierdie stelling deur na spesifieke gebeure te verwys. (2)

[25]

MIS – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

VRAAG 10: MIS – OPSTELVRAAG

Die woord "mis" soos in die titel van die drama *MIS*, verwys na en sluit by verskeie belangrike motiewe in die drama aan.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. **[25]**

VRAAG 11: MIS – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

1 2 3	KONSTABEL:	Nie alles gelyk nie maar stadig, stadig gly die hare oor haar skouers, stroom by haar rug af ... tot alles los is. Lang hare ... tot byna op die vloer.
4 5 6		*GERTIE se dun haartjies is nou los en staan yl en reguit om haar kop. Sy kyk voor haar uit asof sy in 'n spieël kyk.*
7 8	KONSTABEL:	Dan vou sy haar hare oor een skouer en begin borsel. Een honderd keer.
9 10	GERTIE:	(*streel met een hand oor haar hare. Baie sag)* Een ... twee ... drie ... vier ...
11 12	KONSTABEL:	Sy staan op. (*Kort stilte*) Sy loop na die lang spieël in die hoek. Ek kan haar van agter sien. En van voor.
13		*GERTIE gaan staan links voor. Asof sy in 'n spieël kyk.*
14 15	KONSTABEL:	(*praat stadig. Droomverlore*) Eers kyk sy na haarself. Haar vingerpunte streel oor haar gesig.
16 17		*GERTIE streel met haar vingerpunte oor haar gesig. Sy glimlag ekstaties*.
18 19	KONSTABEL:	En nou begin sy uittrek. Sy is nie haastig nie. Sy knoop haar bloes stadig los.
20		*GERTIE begin haar bloes stadig losknoop.*

21 22	KONSTABEL:	Van bo na onder. Elke knopie. Een vir een. Sy trek haar bloes oor haar skouers en laat dit val.
23 24		*GERTIE laat haar bloes op die vloer val. Onder haar bloes dra sy 'n ongelooflike wit wol-frokkie.*
25 26	KONSTABEL:	En daar staan sy in haar onderklere. Onderklere van kant en sy.
27 28		*GERTIE kyk in ekstase na haarself in die denkbeeldige spieël.*
29 30	KONSTABEL:	Sy kyk weer na haarself. Sy streel haar palms stadig langs haar sye af.
31 32		*GERTIE streel haar palms langs haar sye af. Sy sug van plesier.*
33	KONSTABEL:	Sy word twee mense. Sy begeer. <u>En sy word begeer</u>.
34 35 36 37 38 39 40 41		*GERTIE kyk byna in 'n beswyming na haar 'beeld' in die 'spieël'. Skielik gaan 'n deur oop. Die geluid van die wind hou op. Daar is voetstappe in die gang. GERTIE lyk verward, asof sy skielik wakker skrik. Sy gryp haar bloes en haarnaalde van die tafel af en verdwyn vinnig deur die agterdeur. Die agterdeur klap hard agter haar toe. Na 'n oomblik verskyn MIEM in die deur. Oor haar arm is 'n pienk kombers*.
42	MIEM:	En wie is so skielik hier uit:
43	KONSTABEL:	Dit is juffrou Gertie.
44 45 46 47 48 49	MIEM:	(*snork*) Dit is seker weer die vars lug en die oefening. Dit is regtig onverstandig van haar. Op so 'n aand. Ek is darem seker Wagter sal 'n ogie oor haar hou. Ek het net die kombers gebring. As u so 'n bietjie wil skuins lê op die bank. Nou ja, goeienag, Konstabel. En weer eens dankie.
50	KONSTABEL:	Goeienag, Mevrou.
51		*MIEM huil skielik en sak op 'n stoel by die tafel neer.*
52	KONSTABEL:	Wat makeer, Mevrou?
53 54 55	MIEM:	Dit is so lank laas ... lank laas ... dat 'n man vir my goeienag gesê het. (*Huil*) As ek hom net kon sien! Net een keer.

11.1 Die tema van bevryding blyk duidelik uit die bostaande teks. Waarvan wil Konstabel vir Gertie bevry? (1)

11.2 Haal enige TWEE woorde uit die teks aan wat deur herhaling die romantiese atmosfeer ondersteun. (2)

11.3 Wat bereik die Konstabel daarmee deur na tant Hannie se lang golwende hare (reëls 1 – 3) te verwys terwyl hy met Gertie in gesprek is? (1)

11.4 Dink jy die Konstabel tree regverdig teenoor Gertie op wanneer hy haar breedvoerig van die sensuele tant Hannie vertel? Motiveer jou antwoord. (2)

11.5 Lees weer reëls 27 en 28.

Verduidelik in jou eie woorde wat uit "denkbeeldige spieël" oor die toestand waarin Gertie hier verkeer, afgelei kan word. Watter woord later in die teks sluit by hierdie toestand aan? (2)

11.6 Waarom kan Konstabel se onderstreepte woorde in reël 33 as ironies beskou word wanneer dit op Gertie van toepassing gemaak word? (1)

11.7 In reëls 44 – 45 is Miem verontwaardig dat Gertie op "so 'n aand" na buite gaan.

Waarna verwys Miem met die woorde "so 'n aand"? Waarom kan haar verontwaardiging binne die konteks van die gebeure as baie ironies beskou word? (2)

11.8 Na wie verwys Miem in reël 54? Verduidelik waar hierdie persoon hom bevind en waarom. Watter karaktereienskap kan uit sy optrede afgelei word? (4)

11.9 Watter emosie ervaar Miem in reël 54? Verduidelik die rede vir haar versugting en watter plan sy beraam om 'n moontlike oplossing te vind. (3)

EN

TEKS F

1	*Die konstabel keer haar voor. Sy hardloop na die*
2	*wastafel en leun oor om die venster toe te maak. Die*
3	*KONSTABEL sit sy hande om haar middel. Sy verstar.*
4	*Hy draai haar stadig om na hom. Sy laat haar arms sak.*
5	*Die KONSTABEL neem haar gesig tussen sy hande en*
6	*kyk na haar. MEISIE beweeg haar kop stadig van kant tot*
7	*kant.*

8 9	MEISIE:	(*stadig , byna asof sy aan die slaap raak*) Asseblief ... Maak toe die venster ... Asseblief ... Maak toe die deur.
10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20		*Sy breek skielik weg van hom. Sy druk haar hande oor haar ore en fladder deur die kamer. Sy fladder na die gangdeur. Sy kyk om en sien die KONSTABEL. Hy staan doodstil na haar en kyk. Die musiek word nog harder. Sy staan ook stil. Terwyl sy na hom kyk, haal sy haar hande van haar ore af en laat haar arms sak. Sy beweeg haar kop effens op maat van die musiek. Dan begin sy fyn danspassies uitvoer wat herinner aan dié van 'n marionet. Sy begin nou deur die kamer dans. Haar dans word uitbundiger. Sy lag en dans om en om die tafel.*
21 22 23 24 25		*Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL. Hy maak 'n effense buiginkie en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit.*

11.10 Hoe het die konstabel se voorkoms in die laaste deel van die drama verander? (1)

11.11 Waarom versoek Meisie in reël 8 om die venster en deur toe te maak? Haal die eerste aanduiding uit die neweteks aan wat in kontras met hierdie versoek staan. (2)

11.12 Waarom is die verwysing na die marionet in reël 17 binne die konteks van die gebeure funksioneel? (2)

11.13 Hoe sluit die slot by die titel van die drama aan? (2)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL : 80